

Dear family and friends,

This is a very special newsletter dedicated to a very special person, Stanley Roos, a member of the SA Congregation in England.

Stanley risked his own life, by swimming across the English Channel, to raise funds for the orphans of the Kanjanji Project in Zambia.

For those of you who do not know, the English Channel is 34 kilometres wide and the water temperature ranges between 12°C and 18°C. Apparently, more people have succeeded in reaching the top of Mount Everest than successfully swimming the English Channel.

Stanley decided to take on this challenge shortly after getting involved with Kanjanji at the beginning of last year. It took him almost a year to prepare for this attempt and he had to do a qualifying swim in April this year in Malta. Apart from all the preparation, he also had to comply with different requirements, such as organising a boat for his dad and friends who had to constantly monitor his progress.

Stanley started swimming at 2 o'clock that Tuesday morning and the conditions were not that good. He swallowed a lot of sea water which caused some nausea and could be fatal for a swimmer. He also had to keep a check on the tides so as to not get stuck in a particularly dangerous sea current, aptly nick named 'Death Row'.

Afterwards Stanley's father said: *"I just want to state that this was truly a big event. Candidates from all over the world would book dates and boats to try and realise their dream, but not all of them would succeed. This time an American guy had to return back home without even getting into the water as a result of poor weather conditions. The preparations and the qualifying swim take almost a year to complete."*



No. 51 – 30 September 2010



A big thank you from everyone at Kanjanji



A big thank you from everyone at Kanjanji

Liewe vriende en familie,

Hierdie nuusbrief is 'n baie spesiale nuusbrief wat opgedra word aan 'n baie spesiale persoon, Stanley Roos, 'n lid van die SA Gemeente in Engeland.

Hy het sy lewe op die spel geplaas deur oor die Engelse Kanaal te swem om sodoende fondse in te samel vir die weeskinders van die Kanjanji-projek in Zambië.

Die Engelse Kanaal is 34km breed en die water temperatuur is tussen 12 en 18°C. Dis interessant om te weet dat meer mense al die piek van Mount Everest bereik het as wat die Engelse Kanaal suksesvol geswem het!

Stanley het alreeds vroeg verlede jaar, kort nadat hy by die Kanjanji-projek betrokke geraak het, besluit om hierdie uitdaging aan te pak. Die voorbereiding het byna 'n jaar geduur en hy het in Aprilmaand die kwalifiserende swem in Malta gaan doen. Behalwe vir die voorbereiding is daar baie ander vereistes waaraan hy ook moes voldoen. Daar moes onder andere 'n begeleidingsboot gereël word vir sy pa en vriende wat saam met hom gery en hom die hele tyd gemonitor het.

Stanley het die reuse tog om 2 uur die Dinsdagoggend begin swem en die see was baie rof. Hy het heelwat seewater gesluk wat hom naar gemaak het en wat dodelik vir 'n swemmer kan wees. Hy moes ook die getye reg vang ten einde nie in 'n seestroom te beland wat as "Death Row" bekend staan nie.

Stanley se pa het gesê: *"Ek wil net in die eerste plek sê dat dit werklik 'n groot gebeutenis is. Kandidaatswemmers van oral oor die wêreld bespreek datums en begeleidingsbote ten einde hulle ideaal te verwesenlik. Hierdie keer het 'n Amerikaner dit ongelukkig getref omdat die die weer op die datums wat vir hom gereserveer is te ongunstig was vir 'n swempoging en hy moes met onverrigte sake teruggaan huis toe. Die voorbereiding en kwalifiseringspogings neem omtrent 'n jaar."*

The conditions were fair when he started swimming, but it gradually got worse. I was watching Stanley all the time and I was very worried when the waves kept breaking over him. Fortunately he had 2 little green lights attached to himself so I could spot him all the time. One time a wave pushed him in the wrong direction and he started heading straight for the boat. Only a big shout from me made him change direction again. The swimming at night was a constant challenge especially the times when we had to pass fluids to him."

Stanley said: "Unfortunately, I ended up in that dreaded current called 'Death Row'. The first 31 kilometres took 11 hours to swim, but the last 3 kilometres took me a staggering 5 hours to finish. I just could not break through the current and it was much worse than we anticipated. It was only the encouragement from my team that kept me going."

You can watch some of the footage on Youtube:
<http://www.youtube.com/watch?v=ofUBS8g5s3s>.

Stanley, all of us at Kanjanji would like to congratulate you and say a VERY BIG THANK YOU to you and your team! May God's blessings overtake you because of your willingness to help the orphans of Kanjanji!

May our Father always smile upon you!

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com / www.kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia



Aanvanklik was die see redelik rof, maar na sowat 'n uur het dit al hoe onstuimeriger geraak. Ek het Stanley voortdurend dopgehou en was maar bekommerd as die golwe so oor hom spoel. Hy het gelukkig twee groen waterdigte liggies aan hom gehad wat dit vir my makliker gemaak het om hom in die water te volg. Op 'n keer het 'n golf hom van rigting laat verander en het hy gevaarlik en reg op die boot afgely. Ek het 'n harde gil gegee en hy het net betyds van rigting kon verander. Die swem in die nag het maar deurgaans baie moeilik gebly. Dit was veral die voedingsvloei-stowwe wat maar moeilik was om vir hom te gee."

Stanley self skryf: "Ek het ongelukkig in die stroom beland wat as 'Death Row' bekend staan. Die eerste 31km het my 11 ure geneem, maar die laaste 3km het 'n ongelooflike 5 ure gevat om te voltooi. Ek kon net nie deur die stroom breek nie en dit was erger as wat ons almal verwag het. Die aanmoediging van my span het my egter laat aanhou."

Gaan kyk gerus na die beeldmateriaal op Youtube:
<http://www.youtube.com/watch?v=ofUBS8g5s3s>

Stanley, ons almal hier op Kanjanji wil net vir jou en natuurlik ook vir almal wat jou so ondersteun het, 'n BAIE GROOT dankie sê! Mag jy soveel sien ontvang, omdat jou hart so groot en oop is vir die wesies van Kanjanji!

Mag ons Vader se glimlag altyd op jou rus!

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com / www.kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambie